

Skriflesing: Mark 2:1-12

Tema: Gelowiges neem mense na die Here toe.

Stap saam met my na die klein dorpie Kapernaum. Ons vind nie hier 'n baie besondere gemeente nie. Hier is nie 'n kerkgebou, orrel of orkes nie. In die huis van waarskynlik Petrus is daar nie sitplek vir almal nie. Hier gebeur iets wat maak dat mense vir mekaar en die wêreld vertel hoe groot en wonderlik God is. Hulle sê vir mekaar in Mark 2:12 "So iets het ons nog nooit gesien nie!"

Wat gebeur hier?

1. Jesus sorg vir mense.

Die fokus val in die gelese gedeelte op Jesus, wat as God volmag het om sondes te vergewe en siekes gesond te maak. Hy het in die eerste plek gekom om mense geestelik gesond te maak. Ons lees in Romeine 3:23-24 "Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."

Die eerste ding wat Jesus vir verlamde man sê, is: "Vriend, jou sondes word vergewe!" (Mark 2:5) Jesus weet wat die skrifgeleerdes dink! Hulle redeneer by hulself dat Hy nie regtig die Seun van God is nie. Net God kan sonde vergewe. Mense het die verlamde man na Hom gebring om gesond gemaak te word. Die skrifgeleerdes dink dat Jesus nie siektes kan genees nie. Nou kies Hy die maklike uitweg. Hy sê Hy vergewe die man sy sonde. Dit is maklik om dit in woorde te sê. Niemand kan dit kontroleer nie. Jesus weet dat die skrifgeleerdes so by hulself redeneer.

Om sigbaar te bewys dat Hy God is, doen Jesus wat, volgens die skrifgeleerdes, die moeiliker ding is om te doen. Hy sê vir verlamde man in Mark 2:11-12a: "Ek sê vir jou: Sta op, vat jou draagbaar en gaan huis toe." Hy het opgestaan, dadelik sy draagbaar gevat en voor die oë van almal uitgestap. Hieroor was hulle almal verbaas en het hulle God geprys en gesê: "So iets het ons nog nooit gesien nie!"

As Jesus dit wat, volgens die mense, die moeiliker ding is kan doen, dan is Hy God. Dan kan hy verseker die "makliker", maar baie belangriker ding ook doen. Hy kan sondes vergewe. Hy maak van binne en buite nuut!!

Hierdie Here is vandag steeds ons Here wat ons elkeen in die eerste plek geestelik gesond wil maak. Dit is waarvoor Hy gekom het. Hy kan ons ook emosioneel en fisies gesond maak.

Maar Mark 2:1-12 is nie net 'n verhaal van Jesus se liefde en gesond maak nie. Hier is nog 'n verhaal van liefde besig om af te speel.

In die tyd van Markus 2 was daar geen organisasies wat hulle beywer het vir die regte van gestremdes nie. Die Grieke het gesê: Laat daar 'n wet wees wat sê dat geen gestremde kind versorg mag word nie. In Rome was 'n wet dat 'n gestremde kind so gou as moontlik doodgemaak moet word.

Gestremdheid is gesien as straf op sonde. 'n Gestremde is soos 'n melaatse behandel. Hulle was bedelaars en uitgeworpenes. Maar een ding was anders in die lewe van die verlamde man.

2. Die verlamde man het mense wat vir hom sorg.

Ons praat verkeerdlik van die verlamde man se 4 vriende. In die Bybel lees ons net van mense wat hom gehelp het. By hom was mense wat Jesus liefhet. Jesus het hulle geloof gesien. Omdat hulle die Here liefhet was dit net logies dat hulle die verlamde man sal liefhê. Sonder hierdie groep sou die man nooit by Jesus uitgekome het nie. Maar dit is wat gelowiges doen. Gelowiges bring mense na Jesus toe.

Dit gaan nie vir hulle oor hulself nie. Dit gaan nie oor wat hulle kan kry nie. Hulle vra nie wat dit gaan kos of hoeveel tyd dit in beslag gaan neem nie.

Hulle gaan haal die verlamde man op sy draagbaar en hulle bring Hom na Jesus toe. Hulle weet een ding en dit is dat hulle hom naby Jesus moet kry. Hulle glo dat Jesus hom kan gesond maak.

Toe hulle by die huis kom en mense staan die huis so toe dat hulle nie kan inkom nie, sê hulle nie dat hulle hul bes probeer het, dat hulle jammer is en dat dit seker nie so bestem is dat hulle by Jesus uitkom nie.

Hulle draai nie om nie. Hulle maak 'n ander plan. Hulle klim met die trappies tot bo-op dak. Hulle breek die riet-, modder- en klei-dak en laat die verlamde man daardeur sak. Jesus sien die geloof van die mense en die res is geskiedenis.

Daar is baie mense hier tussen ons op die draagbare van die lewe. Hulle is geestelik siek en arm. Daar is mense wat emosioneel bedlêend is. Hulle is moedeloos, alleen, hartseer en bang. En daar is ook mense wat fisies swaarkry.

Wanneer jy die Here liefhet, het jy hierdie mense lief. Die hart van die Here klop in lidmate wat omgee vir mense en sensitief is vir die nood, pyn en eensaamheid van ander. Ons wil hul ten alle koste na Hom toe bring.

Ons doen dit deur met ons woorde en daede te getuig van sy goeie nuus. Ons kan mense ook bel of 'n SMS of e-pos stuur. Sit 'n nota met 'n teksvers op 'n kollega se lessenaar neer. Of nog beter pluk 'n paar lentebloem en gaan drink 'n koppie koffie. Luister sonder om te probeer antwoorde gee. Gaan lag saam en huil saam met iemand wat swaarkry. Nog beter, gaan bid saam.

God gebruik gelowiges soos ek en jy om mense na Hom toe te bring. Hy het nie 'n ander plan nie. As ons dit nie doen nie, wie gaan?

Sluit af

Ons lees in Mark 2:12 dat mense God prys. Waarom doen hulle dit? Want Hy het dinge gedoen wat die skare nog nooit gesien het nie. Daarby het die skare Sy liefde in mense nog nooit so duidelik in aksie gesien as hier waar gelowiges 'n verlamde man na die Here toe bring en hulle nie toelaat dat enige iets hulle stop nie.

Mense sal vandag steeds God prys wanneer ons hulle na Hom toe bring sodat Hy hul sondes kan vergewe en hulle gesond kan maak.

Amen